Hoërskool Goudini

Skoolhoof: A P Hanekom

Sedert 1858

Posbus 25 RAWSONVILLE 6845
023-3491070 / Faks 0866587099

Van Riebeeckstraat 39 RAWSONVILLE 6845
admin@hsgoudini.co.za

24 Julie 2020

Geagte Ouers / Voogde

AANKONDIGING DEUR PRESIDENT

Na aanleiding van die President se aankondiging op Donderdag, 23 Julie 2020, is die volgende besluite rakende die skool geneem:

1. Die skole sluit vanaf Maandag, 27 Julie 2020 en heropen weer op Maandag, 24 Augustus 2020.

2. Die **Graad 12 leerders** het slegs een week vakansie, vanaf Maandag, 27 Julie 2020 tot en met Vrydag, 31 Julie 2020. Hulle begin weer met skool op **Maandag, 3 Augustus 2020**. Dit is verpligtend dat alle Graad 12 leerders elke dag by die skool sal wees.

3. Die Graad 7 leerders het vakansie vanaf Maandag, 27 Julie 2020 tot en met Dinsdag, 11 Augsutus 2020. Hulle begin weer met skool op **Woensdag, 12 Augustus 2020**. Dit is verpligtend dat alle Graad 7 leerders elke dag by die skool sal wees.

4. Die Graad R, 1, 2, 3, 4, 6, 10A en 11A leerders het vakansie vanaf Maandag, 27 Julie 2020 tot en met Vrydag, 14 Augustus 2020. Hulle begin weer met skool op **Maandag, 17 Augustus 2020.**

5. Die Graad 5, 10B en 11B leerders begin weer met skool op **Dinsdag, 18 Augustus 2020.**

6. Die Graad 8A en 9A leerders het vakansie vanaf Maandag,27 Julie 2020 tot en met Vrydag, 21 Augustus 2020. Hulle begin weer met skool op **Maandag, 24 Augustus 2020.**

7. Die Graad 8B en 9B leerders begin weer met skool op **Dinsdag, 25 Augustus 2020.**

Die volgende reëlings sal geld met die uitdeel van tuiswerk gedurende die vakansie tydperk.

- Tuiswerk word by die skool afgehaal op die volgende datums, Woensdag, 5 en 12 Augustus 2020 en Woensdag, 19 Augustus 2020 (gr 8 en 9) **TYD: 12:00 tot 13:00**

- Elke kind sal ‘n pakkie werk ontvang wat gedurende die week voltooi moet word. Daar sal ook ‘n assesseringstaak in elke pakkie wees, wat die leerder moet voltooi en die volgende Woensdag moet inhandig, sodat dit deur die onderwyser nagesien kan word.

Ons wil egter net weer beklemtoon dat u veilig moet wees gedurende hierdie tydperk en by die voorsorgmaatreëls hou van COVID-19. Pas uself asseblief mooi op.

- **Dra maskers**
- **Saniteer**
- **Was hande gereeld**
- **Behou sosiale afstande**
- **Hou aan met studeer by die huis**
- **Lees gereeld**

Ons wil u gerusstel dat die skool alles in sy vermoë sal doen om leer en ondesteuning gedurende hierdie tydperk aan leerders te verskaf.

Vriendelike groete

AP HANEKOM
SKOOLHOOF